# DIE 2002/2003-BEGROTING VAN TREVOR MANUEL EN KOMMENTAAR DAAROP*

A.C.P. Strauss[1]

***Summary***

*There are few surprises in the 2002/2003 budget because of the larger degree of transparency and long-term planning which have become the norm since the beginning of the Manuel era. As usual Mr Manuel maintains the balance between promoting economic growth and addressing social needs, although commentators feel that there are still not enough incentives for long-term growth. The budget is regarded as being politically correct and friendly towards individual taxpayers, but disappointing as far as the business sector is concerned.*

## INLEIDING

Voordat die nuwe bedeling in Suid-Afrika in 1994 tot stand gekom het, was blanke inwoners vol vrese oor die rigting wat op ekonomiese en fiskale gebied deur die regering ingeslaan sou word. Hulle vrese is tot 'n mate besweer deur die behoud van Derek Keys as Minister van Finansies en die aanstelling van Chris Liebenberg as sy opvolger. Die groot verrassing was dat die ANC-regering 'n markgerigte in plaas van 'n sosialistiese koers gekies het met die aankondiging van sy makro-ekonomiese of GEAR (Growth, Employment and Redistribution)-beleid.

Volgens die regeringsdokument van 14 Junie 1996 waarin hierdie beleid uiteengesit is, is die langtermyndoelwitte van die regering:

- 'n mededingende, snelgroeiende ekonomie wat voldoende werkgeleenthede skep;
- 'n herverdeling van inkomste en geleenthede ten gunste van die armes;
- 'n gemeenskap waarin goeie gesondheid, onderwys en ander dienste aan almal beskikbaar is; en
- 'n omgewing waarin tuistes veilig en werksplekke produktief is.

* Begrotingsrede op 20 Februarie 2002 in die Parlement voorgedra deur Trevor Manuel, Minister van Finansies. 'n Groot deel van die gegewens in hierdie artikel kom regstreeks uit die begrotingsrede.

1 Navorser, Dept. Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat.

Die voorgestelde strategieë van die regering om hierdie doelwitte te verwesenlik, sluit in:

- 'n hernude fokus op begrotingshervorming, veral met die oog op die herverdeling van uitgawes;
- sneller vermindering van fiskale tekorte om skuldverpligtinge in toom te hou, inflasie teen te werk en bronne vir belegging beskikbaar te stel;
- inkorting van valutabeheer;
- belastingaansporings om nuwe beleggings in mededingende en arbeidsintensiewe projekte aan te moedig;
- groter besteding aan infrastrukture om aan tekortkominge en agterstande in dienslewering aandag te gee;
- versnelling van die herstrukturering van staatsbates (lees: privatisering) om beleggingsbronne te optimaliseer;
- heffings om opleiding te befonds; en
- buigsaamheid in die kollektiewe bedingingstelsel.

Trevor Manuel het in 1997 sy eerste begroting ingedien en het jaar na jaar applous verdien vir die balanseringstoertjies wat hy uitgevoer het om aan die vereistes van ekonomiese groei sowel as maatskaplike opheffing te probeer voldoen. Kritici wys nietemin daarop dat die regering nog nie in al bogenoemde doelwitte geslaag het nie. Die groeikoers laat veel te wense oor, gevolglik is die mikpunte wat in die beleidstuk vir werkskepping gestel is, verreweg nie bereik nie. Benewens buitefaktore en 'n gebrek aan sakevertroue, word die groeikoers gekniehalter deur talle belastings en hoë belastingkoerse, die stadige pas van privatisering en die feit dat valutabeheer nog nie genoegsaam verslap is nie. Die sakesektor meen ook dat die regering se arbeidswetgewing, wat daarop gemik is om die vakbonde se guns te wen, nie bevorderlik is vir groei en werkskepping nie.

Die regerende party se koalisievennote, Cosatu en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), beweer dat die GEAR-beleid, met die herstrukturering van die staatsdiens en staatsbates as deel van sy strategie, verantwoordelik is vir die verlies aan eerder as die skepping van werkgeleenthede. Die kritiek waarna hieronder verwys word, dui aan of die gemeenskap van mening is dat hierdie begroting sal meehelp om die regering se doelwitte te bereik.

## DIE 2002/2003-BEGROTING - DIE GOEIE NUUS

Die 2002/2003-begroting is ingedien teen die agtergrond van die drastiese afswaai in die wêreldekonomie na die gebeure van 11 September 2001 en die onverwagse verswakking van die rand aan die einde van 2001. Manuel het in sy begrotingsrede

daarop gewys dat dit die eerste keer sedert die middel van die sewentigerjare was dat daar so 'n omvattende afkoeling in die wêreldekonomie was. Daar is dus verwag dat die begroting stimulerend van aard sou wees, maar maatskaplike kwessies sou steeds baie aandag moes geniet. President Thabo Mbeki het reeds in sy staatsrede met die opening van die Parlement die rigting aangedui en verder was daar die afgelope paar jaar baie groter deursigtigheid vooraf en beplanning is oor langer tydperke gedoen. David Mohr, beleggingshoof van Citadel, sê die feit dat fiskale beleid so voorspelbaar geword het sedert Manuel die leisels oorgeneem het, word verwelkom, want dit bied 'n mate van sekerheid vir korporatiewe beplanning en beleggingsmarkte in 'n toenemend onvoorspelbare wêreld.[2] Veel verrassings kon daar dus nie in die begroting wees nie.

Die begroting is vroeër as voorheen - op 20 Februarie - aan die Parlement voorgelê. Manuel het soos gewoonlik aan die begin van sy toespraak poëties en filosofies geraak. Hy het die klem op solidariteit in die gemeenskap en die skep van 'n beter lewe vir almal geplaas en gesê dat almal die soet vrugte van die vooruitgang wat gemaak is, sal oes.

Volgens hom behels die begroting die volgende:

- Voorrang aan armoedeverligting en kwesbaarheid deur volgehoue ekonomiese groei.
- Vermeerderde besteding aan maatskaplike toelae, munisipale infrastruktuur en behuising, verbeterde polisiërings- en justisiedienste en kritieke administratiewe dienste aan burgers.
- Uitbreiding van programme om die MIV/Vigs-kwessie te hanteer.
- Klem op belegging in die ontwikkeling en instandhouding van infrastruktuur, en stedelike en landelike ontwikkeling.
- Versterkte optrede teen misdaad.
- Vermeerderde steun aan gemeenskappe wat betref toegang tot bekostigbare basiese dienste.
- Ruim belastingverligting aan almal.

Fiskale dissipline wat gedurende die minister se eerste paar begrotings gehandhaaf is, die grootliks verbeterde invorderingskoers deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), 'n verbreding in die belastingbasis deur, o.m. die instelling van kapitaalwinsbelasting en belasting op buitelandse verdienste[3], en die gereelde aflossing van lenings wat beteken het dat minder rente betaal word, het geld beskikbaar

---

2 **Volksblad**, 18 April 2002.

3 Gelukkig het Trevor Manuel genoem dat hierdie jaar een van konsolidasie is na die instelling van hierdie verreikende inkomstebelastingveranderinge sedert 2000.

gestel vir belastingverligting en vermeerderde kapitale besteding. Hierdie faktore behoort tot ekonomiese groei te lei. Die minister verwag 'n groeikoers van 2,3% in 2002 en 3,3% in 2003. Dit vergelyk goed met die verwagte wêreldwye gemiddelde groeikoers van 0,6% (maar skiet ver tekort wat betref die benodigde groeikoers van 6% om genoegsame werksgeleenthede te kan skep).

Toe Manuel in 1997 sy eerste begroting ingedien het, het hy dit as sy doelwit gestel om die rente en delging op staatskuld as 'n persentasie van die totale staatsbesteding te verlaag. Hierdie belofte het hy gestand gedoen. Hy het streng fiskale dissipline toegepas, die belastingskip as't ware omgeswaai en sodoende die skuldstrik waarheen die land op pad was, vermy. Terwyl die rente op staatskuld vyf jaar gelede 20% van die totale staatsbesteding beloop het, is die persentasie na hierdie jaar se begroting 16%.[4]

Op die korttermyn sal die begroting groei aanhelp omdat minder belasting uit die ekonomie onttrek word as wat hy met besteding terugploeg. Die primêre oorskot (belastinginkomste minus staatsbesteding sonder rentebetalings) sal slegs 2,3% van die bruto binnelandse produk (BBP) wees teenoor 3,4% die vorige jaar.[5]

**Belastingverligting**

Die SAID se verskerpte doeltreffendheid, veral wat betref die invordering van maatskappybelasting (meer as R700 miljoen is ook uit die banksektor gepers en versekeraars moes meer as R1 miljard opdok),[6] het R15,2 miljard meer in die staat se skatkis geplaas wat Manuel net so in die hande van belastingbetalers oorgedra het deur belastingbesnoeiings oor die hele spektrum af te kondig. Meer geld in die sak beteken groter besteding wat aan die ekonomie 'n hupstoot gee en meer indirekte belasting aan die regering besorg. Individue in die middel- en laer inkomstegroepe baat die meeste by die toegewings. Veranderinge sluit die volgende in:

- Die inkomstebelastingdrempel word van R23 000 tot R27 000 verhoog. Dit beteken dat almal wat minder as R27 000 verdien, geen inkomstebelasting betaal nie. In die geval van persone bo 65 is die drempel na R42 640 verhoog. Dit is bewerkstellig deur die primêre korting van individue wat vir persone onder 65 jaar na R4 860 en vir individue bo 65 jaar na R7 860 verhoog is.
- Die maksimumkoers is van 42% na 40% verminder en tree eers in werking wanneer 'n persoon R240 000 of meer verdien. Koerse vir persone wat minder as dié bedrag verdien, is ook verminder.

---

4 **Beeld**, 21 Februarie 2002.
5 Dr. Klaus Bauknecht, hoofekonoom van ING Barings, **Rapport**, 24 Februarie 2002.
6 **Business Day**, 21 Februarie 2002.

Wat hierdie aankondigings nog soeter op die oor laat val, is dat die veranderinge reeds op 1 Maart in werking tree en nie eers op 1 Julie soos in vorige jare nie.

Daar is nog 'n aantal vrystellings en toegewings wat aan individue meer geld in die sak sal besorg:

- Die belastingvrystelling van rente en buitelandse dividende word van R4 000 vir persone onder 65 en R5 000 vir diegene bo 65 verhoog na onderskeidelik R6 000 en R10 000.
- Die perk van vrystelling van geskenkbelasting word na R30 000 vir individue en R10 000 vir maatskskappy wat nie as openbare maatskappye beskou word nie, verhoog.
- Die vrystelling van boedelbelasting word tot R1,5 miljoen verhoog.
- Die bedrag vir die vrystelling van beurse word verhoog.
- Die R1 000-drempel vir die aftrekking van mediese koste word afgeskaf.
- Die bedrag vir die vrystelling van toekennings vir dapperheid en lang diens word na R5 000 verhoog.
- Die onmiddellike aftrekking vir intellektuele eiendom word na R5 000 verhoog.
- Oordragkoste van eiendom wat na 1 Maart 2002 aangeskaf is, word soos volg gewysig:

| | | |
|---|---|---|
| R0 - R100 000 | - | 0% |
| R100 001 - R300 000 | - | 5% op die waarde bo R100 000 |
| R300 001 en meer | - | R10 000 plus 8% op die waarde bo R300 000 |

Laasgenoemde toegewing sal die eiendomsmark stimuleer.

**Vervaardiging**

Om belegging in vervaardiging aan te moedig, kan vervaardigingsbates wat binne 3 jaar vanaf 1 Maart 2002 aangeskaf word, voortaan binne 4 jaar in plaas van 5 jaar afgeskryf word. Veertig persent van die koste word in die eerste jaar en twintig persent gedurende elk van die volgende drie jaar afgeskryf. Verder word die drempel van bates wat onmiddellik afgeskryf kan word, van R1 000 tot R2 000 verhoog.

**KMMO's**

Klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) speel 'n strategiese rol in ekonomiese groei en indiensneming en daarom is daar sedert 2000 belastingverligting aan hierdie sektor gegee. In hierdie begroting is die drempel van R100 000 waarop slegs 15% maatskappybelasting betaal word, tot R150 000 verhoog. Hierdie lae

tarief het tot dusver net gegeld vir maatskappye met 'n jaarlikse omset van minder as R1 miljoen. Die drempel is vanaf 1 April 2002 verhoog na R3 miljoen.

### Die motorbedryf

Manny de Canha, uitvoerende hoof van Associated Motor Holdings (AMH) sien die begroting as wonderlike nuus vir die motorbedryf omdat dit verbruikersvertroue sal laat herstel, en dit sal help om die motorbedryf te stimuleer.[7]

### Landbou

Die boere het ook 'n paar voordele uit die begroting te trek. Benewens belastingverligting, is die verhoging van die belastingvrye deel van boedels en die feit dat belasting op diesel nie verhoog is nie, deur hulle verwelkom. Japie Grobler, president van Agri Suid-Afrika glo dat laer persoonlike belastings die binnelandse mark vir landbouprodukte sal stimuleer. Hy is ook bly dat kernaspekte vir die landbou soos die behoud van 'n oop ekonomie, vergrote besteding aan infrastruktuur, groter bewilligings vir veiligheidsdienste en verlaagde insetkoste in die begroting aangeraak is. Wrensch Louw, voorsitter van die Landboubesigheidskamer, meen dat die begroting 'n gunstige bydrae lewer tot landelike en infrastruktuur- en vaardigheidsontwikkeling, verhoogde koopkrag, markontwikkeling en misdaadbekamping.[8]

### Belasting op Toegevoegde Waarde

Die feit dat Belasting op Toegevoegde Waarde nie verlaag is soos uit sommige oorde versoek is, of daar verdere vrystellings toegestaan is nie, is deur ekonome verwelkom, want sou hierdie indirekte belasting verminder word, sou die Minister direkte inkomstebelasting moes verhoog om sy boeke te laat klop.

## VERHOOGDE STAATSBESTEDING

Die regering wil ook deur verhoogde staatsbesteding ekonomiese groei aanhelp en armoede verlig. Staatsbesteding sal met 4,1% toeneem oor die volgende drie jaar en van R256 miljard in 2002/03 styg na R298 miljard in 2004/05. Belegging in infrastuktuur geniet voorkeur en verder sal daar onder meer vervoerprojekte onderneem, regeringsgeboue opgerig en ekotoerisme bevorder word. Dit behoort tot die opbou van 'n beduidende produksiekapasiteit te lei. Sowat R1 miljard sal oor die volgende drie jaar aan padvervoer en infrastruktuur van treindienste bestee word sodat die onderhoud en opgraderingswerk sal verseker dat ekonomiese aktiwiteite gestimu-

---

7 **Volksblad**, 1 Maart 2002.
8 **Rapport**, 24 Februarie 2002.

leer en ontwikkeling aangehelp word. Openbare vervoer moet bekostigbaar bly, veral ook vir die armes. Hierdie jaar kry busdienste subsidies van R150 miljoen en word R140 miljoen aan spoorweginfrastruktuur (bv. stasies en verbeterings aan 176 treintrokke) bestee. Verder styg die bedrag wat aan die Nasionale Padagentskap toegeken word, jaarliks met 11%.

Manuel is van mening dat die belegging in mense die grootste bydrae tot langtermyngroei en -ontwikkeling sal lewer, daarom is die ontwikkelingstrategie van menslike hulpbronne in April 2001 geloods om die land se vaardigheidsbasis te verbeter. Onder die vernaamste boustene van hierdie strategie is die herskepping van universiteite en technikons, die verbetering van onderrig in skole en die skepping van nuwe programme vir vaardigheidsontwikkeling van werknemers en werksoekers. In 2002/03 word R13,4 miljard hiervoor opsygesit en die bedrag sal in 2003/04 tot R17,9 miljard styg. Om werkgewers aan te moedig om opleiding te verskaf, gaan aansporingsmaatreëls mettertyd ingestel word. Indien hulle werknemers by wyse van vakleerlingskappe (learnerships) oplei, sal hulle in die proses belastingtoegewings ontvang. Daar is voorgestel dat hulle 'n aftrekking van R25 000 kry wanneer die ooreenkoms geteken word en 'n verdere R25 000 by voltooiing van die opleiding. Vir verdere vlakke van opleiding sal verdere aftrekkings toegelaat word. Vaardigheidsontwikkeling word befonds deur 'n heffing op maatskappye wat 1% van salarisse behels. Dit behoort R2,95 miljard op te lewer. Daar is baie geld in hierdie fonds, maar min daarvan is reeds bestee. Meer as R1 miljoen wat geïn is, lê nog onaangeraak in 24 sektore se onderwys- en opleidingsowerhede.[9] Manuel wys daarop dat hierdie programme net kan slaag as daar 'n vennootskap tussen die regering en die sakewêreld bestaan en die programme voldoen aan die behoeftes van 'n spesifieke sektor.

Die grootste deel van die begroting - R59,8 miljard of 24% - gaan na onderwys. Vir die verbetering van die gehalte en finansiële bestuur van kleuterskole word R224 miljoen bewillig.

Misdaadbekamping skep 'n veilige omgewing waarin die ekonomie kan gedy. In die begroting word R6,6 miljard oor die volgende drie jaar hiervoor opsygesit. Dié geld gaan aangewend word om meer mense in diens te neem (waaronder 16 000 polisiebeamptes), administrasie en hofdienste te verbeter en nog tronke te bou. Die departement van veiligheid en sekuriteit kry R5,2 miljard. Die ekstra polisielede sal in gebiede wat as brandpunte aangewys is, ontplooi word, veral om patrolliewerk te doen. Meer inhegtenisnemings sal druk op die howe verhoog, gevolglik word R826 miljoen toegewys aan die departement van justisie om administrasie te verbeter en

[9] Solly Keetse, hoof van korporatiewe regsdienste van Momentum, **Rapport**, 21 Februarie 2002.

die stelsel op te knap. Die daaglikse tronkbevolking sal volgens berekening in 2004/05 tot 225 600 aangroei en daarom word korrektiewe dienste se begroting hierdie jaar tot R6,9 miljard verhoog. Dit sal toeneem tot R8,1 miljard in 2004/05 om vir die groeiende getal misdadigers en uitbreidings aan tronke voorsiening te maak.

Die verdedigingsbegroting kry 'n bykomende R1,6 miljard. 'n Groot deel hiervan word opgesuig deur die hoër koste van die wapenpakket as gevolg van die swak wisselkoers van die rand en internasionale verpligtinge, soos die vredesondersteuning in Afrika-lande. Die weermag is ook betrokke by misdaadbestryding en die patrollering van landsgrense en landelike gebiede.

Wat maatskaplike opheffing betref, sê Manuel dat die pas van armoedeverligting versnel moet word, en die verhoging van die toekenning aan plaaslike regerings van R6,6 miljard na R8,6 miljard (wat tot R10,9 miljard in 2004/05 sal styg) moet deels daarvoor aangewend word. Dit verteenwoordig die grootste styging in toekennings wat in die begroting gedoen word, naamlik 18,3% en toon die regering se verbintenis tot die lewering van basiese munisipale dienste en infrakstuur aan die heel armstes. Arm gebiede binne aangewese landelike en stedelike hernuwingsgebiede sal ook bykomende geld vir ontwikkeling ontvang. Die R2,2 miljard wat hierdie jaar aan die munisipale infrastruktuurprogram (gefokus op water, sanitasie en elektrifisering) bestee gaan word, sal tot meer as R4 miljard in 2004/05 styg en huisvestingsubsidies van R3,2 miljard tot R4,3 miljard. Die toekenning vir die verskaffing van gratis munisipale dienste aan arm huishoudings word van R2,6 miljard tot R3,9 miljard verhoog.

Sedert 1999 is regstreekse maatskaplike toelaes aan individue dramaties met 67% verhoog. Vier miljoen mense gaan baat by ouderdomspensioene wat met R50 na R620 per maand verhoog word. Kindertoelae word ook met R20 na R130 per maand verhoog. Teen die einde van volgende jaar behoort 'n verdere 1,2 miljoen kinders se lot hierdeur verbeter te word. Manuel beskou dit as die beste manier om armoede te verlig. Hy het die aandrang op 'n basiese inkomstetoelaag van sowat R100 per persoon per maand, onder meer deur 'n koalisie van Cosatu, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, die Suid-Afrikaanse Koalisie van nie-regeringsorganisasies, die Treatment Action Campaign, wat op begrotingsdag voor die Parlement betoog het,[10] en die Demokratiese Alliansie, van die hand gewys. Manuel het na hulle verwys as mikro-ekonomiese populiste en gesê dat hulle voorstel 'n onvolhoubare las op belastingbetalers sou plaas. By die mediakonferensie na die begrotingsrede het Manuel gesê dat die administrasie en uitvoering van so 'n

[10] **Volksblad,** 20 Februarie 2002.

basiese inkomstetoelaag die stelsel te ingewikkeld en onuitvoerbaar sal maak.[11] Toewysings aan provinsies styg van R121 miljard tot R132 miljard en daarvan gaan R34,3 vir welsynsdienste en maatskaplike toelaes, wat 'n belangrike deel van provinsiale regerings se begrotings vorm.

Heelwat meer is vir die stryd teen MIV/vigs toegeken.[12] Na beraming bestee provinsiale gesondheidsdepartemente jaarliks R4 miljard aan vigsverwante siektes. In hierdie belastingjaar sal 'n verdere R1 miljard, wat tot R1,8 miljard in 2004/05 sal styg, beskikbaar gestel word. Die fokus val op die sorg en ondersteuning van kinders en jeugdiges wat deur die siekte geraak word, voorkomingsprogramme in skole sowel as die verbetering van die gesondheidstelsel se vermoë om oordraagbare siektes soos MIV/vigs, tering en malaria te hanteer. Dan is daar ook gemeenskapsorgprogramme. Deon Basson skryf dat vigs Manuel se fiskale bom is. Hy bespiegel dat agter al die geskarrel oor wat die ware oorsaak van vigs sou wees, daar waarskynlik 'n vreespsigose skuil oor wat die koste van die behandeling van vigspasiënte sal wees. Sommige regeringswoordvoerders vrees dat vigs alleen die totale huidige gesondheidsbegroting kan opslurp. Dié begroting sal dan verdubbel moet word om in ander behoeftes ook te voorsien en om dit te kan bekostig, sal belastingkoerse taamlik drasties verhoog of ander besteding ingekort moet word. Lede van siekefondse se bydraes aan die fondse sal toeneem en hulle sal ook meer belasting moet betaal. Basson sê dat Manuel, met Thabo Mbeki se steun, tot hiertoe daarin kon slaag om fiskale dissipline toe te pas. "Nou is daar 'n monster wat al hoe harder geluide in die agtergrond maak. Sy naam is vigs. Dit gaan al hoe moeiliker vir die regering word om sy morele verantwoordelikheid te ontsnap." 'n Debat waarin al die finansiële gevolge van die fiskale las van vigs uitgespel word, moet onverwyld gehou word.[13]

Toerisme het 'n hupstoot in die begroting gekry. Individue se bydraes tot die oorgrensvredesparke sal van belasting afgetrek kan word. Manuel het ook R80 miljoen aan die departement van omgewingsake en toerisme toegeken vir die Wêreldberaad vir Volhoubare Ontwikkeling (WVO) in Augustus. Die departement sal ook in 2003/04 en 2004/05 R50 miljoen ontvang om verwante toerisme ná die beraad te bevorder. In totaal kry die departement hierdie jaar R1,2 miljard waarvan R102 miljoen vir die WVO is en geld word ook aan die Sanparke gegee waarmee hulle paaie moet onderhou. Meer as 30% van die departement se begroting sal aan toerisme bestee word. R100 miljoen sal aangewend word vir die ontwikkeling van infrastruktuur vir toerisme.[14]

---

11 **Financial Mail**, 22 Februarie 2002.
12 **Volksblad**, 21 Februarie 2002.
13 **Volksblad**, 28 Maart 2002.
14 **Volksblad**, 21 Februarie 2002.

## Gunstige ontvangs van die begroting

Die begroting is oor die algemeen baie gunstig ontvang, veral weens die belasting- en armoedeverligting daarin. Dit is as 'n glimlag-begroting bestempel. **Rapport** noem dit 'n blink begroting en een van die bestes in dekades weens die aansienlike verligting wat betref persoonlike belasting, die verhoging in staatsbesteding, veral op infrastruktuur, opvoeding en wetstoepassing, en 'n verlaging van staatskuld. Slegs wanneer daar belastingverhogings of inkorting van staatsbesteding is, is 'n vermindering van staatskuld gewoonweg moontlik. Die teenoorgestelde gebeur in die begroting - belastings daal en staatsbesteding neem toe, en tog verminder die staatskuld. Dit is 'n "sonderlinge prestasie". Ten spyte van leemtes, is die begroting 'n bewys dat Suid-Afrika volgens kerngesonde beginsels bestuur word.[15]

## DIE SLEGTE NUUS

Daar was egter ook slegte nuus vir sommige belastingpligtiges.

Omdat werknemers se aftrekkings verminder word, sal dit werkgewers verplig om hulle salarisstrukture aan te pas of selfs te verhoog. Hulle sal moontlik ook werknemers van toerusting soos selfone en tuisrekenaars moet voorsien of andersins hulle salarisse moet aanpas. Aftrekkings word beperk tot besigheidsreiskoste (in plaas van voertuigtoelae), sekere mediese uitgawes, bydraes tot pensioen- en uittree-annuïteitsfondse, skenkings aan sekere welsynsorganisasies, sekere uitgawes met betrekking tot toelaes vir persone wat 'n openbare amp beklee en slytasietoelae op toerusting. Onthaaltoelaes kan ook nie meer geëis word nie, slegs werklike uitgawes gestaaf deur dokumente. Die bestaanstoelaag van R150 rand vir oornagverblyf word afgeskaf - werklike uitgawes kan wel geëis word, maar die bestaanstoelaag van R65 per dag wat weg van die huis af vir sakedoeleindes bestee word, bly voortbestaan. Hierdie maatreëls vereenvoudig die administrasie van die belastinggaarder, maar het 'n negatiewe uitwerking op werkgewers wat hulle werknemers voortaan vir besigheidsuitgawes sal moet vergoed, 'n groter administratiewe las sal moet dra en behoorlike beheermaatreëls sal moet tref om te verseker dat hulle werknemers se koste-eise geldig is.[16]

Trusts, met die uitsondering van spesiale en testamentêre trusts wat tot die voordeel van minderjarige kinders gestig is, word teen 'n vaste koers van 40% belas.

---

[15] **Rapport**, 24 Februarie 2002.
[16] **Volksblad**, 28 Maart 2002.

Soos gewoonlik is die sogenaamde "sondebelasting" weer verhoog. Daar is 'n verhoging in die aksynsbelasting op sigarette (11%), wyn, bier en spiritualieë (8%) en brandewyn en vonkelwyn (10%). Die brandstofheffing bly dieselfde, maar die heffing vir die Padongelukkefonds word met 2c per liter verhoog.

Terwyl die perk waarop rente en dividende op binnelandse beleggings verhoog is tot R6 000 vir persone onder 65 en R10 000 vir diegene bo 65, is die slegte nuus dat wat die buitelandse deel van die beleggings betref, die perk op slegs R1 000 gestel word.

**KRITIEK**

Daar is heelwat kritiek uit verskeie oorde gelewer.

**Manuel gee met die een hand en neem met die ander**

Daar word gekla dat die voordele van die belastingverligting geneutraliseer is deur die 1% rentekoersverhoging deur die Reserwebank nadat hoër as verwagte inflasiesyfers bekend gemaak is. Sakeleiers praat van Manuel as Robin Hood wat die rykes beroof om die armes te help. Nie lank na die begrotingsrede nie, het 'n verdere skok gevolg. **The Citizen** verwyt: "Robbing Hood no longer leads a merry band in Sherwood Forest. He creeps silently around salary offices, siphoning off money for the Unemployment Insurance Fund (UIF) - stealing from the rich to give to the poor." Daar is voorheen vaagweg gemeld dat alle werknemers, en nie net persone wat minder as R7 500 per maand verdien soos tans nie, verplig gaan word om 1% van hulle salaris tot die Werkloosheidsversekeringsfonds by te dra. Slegs 'n paar dae vooraf is skielik aangekondig dat die inwerkingstellingsdatum van die bydrae 1 April gaan wees en dat die eerste oorbetalings reeds op 7 April moet geskied. Die ernstigste beswaar teen die maatreël is dat diegene wat die meeste bydra, proporsioneel minder voordele gaan geniet. Volgens **The Citizen** is juis hierdie mense die kwesbaarste aangesien hulle in baie gevalle deur diskrimenerende regstellingsoptrede hulle werk verloor en dan dubbel gestraf word deur slegs 30% van hulle maandelikse salaris van die Werkloosheidsfonds te kry. Die koerant beskou dit as 'n swak beloning vir diegene wat die meeste belasting betaal.[17] Die **Volksblad** stel dit dat Manuel se vrygewigheid in sy begrotingsrede net 'n tydelike blymaker was. "Waar hy met die een hand belastingverligting aangekondig het, vat hy nou weer terug van die reeds swaar belaste hoër inkomstegroepe. Dus kan dit eenvoudig gesien word as onregstreekse belasting." Die koerant vrees dat die regering sy greep om die nek van die gans wat die goue eiers lê, so verstewig dat die gans op 'n

[17] **The Citizen**, 4 April 2002.

dag kan vrek. Daar is ander maniere waarop werkloosheid en armoede verlig kan word, byvoorbeeld deur sinvoller standpunte oor kwessies soos Zimbabwe en MIV-vigs in te neem en te herbesin oor sy rigiede arbeidswetgewing wat werkskepping kniehalter.[18]

**Te min gedoen om groei en werkskepping te verseker**

Ekonome meen dat die begroting die ekonomie wel in die korttermyn sal stimuleer, maar sommiges twyfel of daar genoeg gedoen is om 'n klimaat te skep wat genoegsame langtermynbeleggings, binnelands en buitelands, sal trek om groei en werkskepping te verseker. Die regering het tot dusver nie daarin geslaag om op groot skaal werk te skep nie.[19] Manuel erken in sy rede dat werkskepping nie na wense vorder nie en dat pogings om beleggings en opleiding te versnel en kleinsake te bevorder, nog nie die gewenste uitwerking gehad het nie. Dit is veral die ANC-regering se arbeidswetgewing wat deur sy vennote, Cosatu en die Kommunistiese Party, aan hom opgedwing is, die gebrek aan grootskaalse aansporingsmaatreëls vir beleggers en die hoë maatskappybelastingkoers wat beleggers afskrik. Dan is die inflasiekoers ook hoër as dié van moontlike beleggerlande en daar is kommer dat regstellende aksie produktiwiteit kan laat afneem. Verder is 'n gebrek aan infrastruktuur - soos paaie, elektrisiteit, lopende water en telefone - in baie dele van die land ook 'n struikelblok.[20]

Manuel het in die begroting geen melding gemaak van die regering se makro-ekonomiese of GEAR-strategie, waarteen sy vennote so sterk gekant is, nie. Dié strategie was veronderstel om tot die skepping van 300 000 werkgeleenthede tussen 1996 en 2000 en 400 000 teen 2002 te lei, maar het in dié opsig klaaglik misluk.[21] Statistiek Suid-Afrika (SSA) het op 26 Maart 2002 bekend gemaak dat werkgeleenthede in die ses maande van Februarie tot September 2001 dramaties verminder het sodat die land se formele werkloosheidskoers van 26,4% tot 29,5% gestyg het. Die amptelike getal werkloses het van 4,2 miljoen tot 4,5 miljoen toegeneem. Hierdie syfer word vasgestel volgens die riglyne van die Internasionale Arbeidsorganisasies gemeet aan diegene wat in die vier weke voor die peiling aktief werk gesoek het. Die werklike syfer is ongetwyfeld baie hoër, want talle het reeds moed verloor en soek nie eers meer werk nie.[22] In plaas daarvan dat werksgeleenthede geskep is, het talle mense hulle werk verloor. Mike Schüssler, ekonoom van Tradek, plaas die werkloosheidskoers op 37%. Volgens hom is die oplossing van die probleem 'n behoorlike nywerheidsbeleid. Hy glo nie dat die aansporingsmaatreëls vir werk-

---

18 **Volksblad**, 5 April 2002.
19 **Financial Mail**, 22 Februarie 2002.
20 **The Star**, 18 Februarie 2002.
21 **Finansies en Tegniek**, 25 Januarie 2002.
22 **Volksblad**, 27 Maart 2002.

skepping, belastingtoegewings van R50 000 vir werkgewers wat vakleerlingskappe suksesvol aanmoedig en minder belasting vir kleinsake-ondernemings met 'n omset kleiner as R3 miljoen, soos in die begroting aangekondig, werkloosheid beduidend sal verminder nie.[23] Hy sê dat SA se werkloosheidskoers nou die hoogste van die wêreld se 50 grootste ekonomieë is.[24] Ernest Mazansky, belastingvennoot van Grant Thornton Kessel Feinstein sê dat die begroting weinig aansporing tot werkskepping aan entrepreneurs en hardwerkende kleinsake-ondernemings buite die vervaardigingsektor bied.[25]

**Valutabeheer nie verslap nie**

Howard Preece skryf dat dit lyk asof die regering kleinkoppie trek oor valutabeheer. Indien dit waar is, kan dit verreikende gevolge vir Suid-Afrikaanse individue en ondernemings hê. In die begrotingsoorsig van 275 bladsye word die kwessie in een sinnetjie afgemaak: "Die regering is steeds verbind tot die uitfasering van valutabeheer en die uitbreiding van valutamarkte." Volgens Preece is dit, ten spyte van die daling in die waarde van die rand, uit 'n langtermynoogpunt steeds vir beleggers sinvol om 'n groot gedeelte van hulle bates te diversifeer deur in die buiteland te belê. Manuel het in 'n radio-onderhoud op 21 Februarie laat blyk dat hy spyt is oor drastiese verslappings in valutabeheer in die verlede. Hy het Suid-Afrikaners verwyt dat hulle eerder in die buiteland as in Suid- Afrika belê. Sommige finansiële amptenare wys daarop dat R45 miljard die land uit is in die vorm van dividenduitvloei gedurende die derde kwartaal van 2001. Dit is die gevolg daarvan dat Suid-Afrikaanse maatskappye soos Anglo-American en Ou Mutual op die Londense beurs genoteer is. Preece wys op die keersy hiervan: dividende het as gevolg van Anglo-American se Londense notering en die herstrukturering van Anglo en De Beers Suid-Afrika binnegevloei. Tony Trahar, uitvoerende hoof van Anglo, sê dat daar 'n kapitaalinvloei van ongeveer R130 miljard na Suid-Afrika was. Preece maan Manuel om, eerder as om valutabeheer te verskerp, indringende vrae aan sy talle kabinetskollegas, wie se sosialistiese benaderings vaste investering van enige oorsese bron afskrik, te stel.[26]

Vir **Rapport** is 'n styging in vaste investering 'n veldslag wat Suid-Afrika nog moet wen. Manuel se begrotingsrede skiet ver te kort wat dit betref. Hy het die dag na die begroting gedreig om binnelandse investering met verskerpte valutabeheer op te dwing. Dit is egter nie net Manuel se taak om 'n beleggersvriendelike beeld te skep nie, maar dié van die hele kabinet. Die regering moet beleggers oortuig dat hy

[23] **Rapport**, 24 Februarie 2002.
[24] **Finansies en Tegniek**, 5 April 2002.
[25] **Rapport**, 24 Februarie 2002.
[26] **Finansies en Tegniek**, 1 Maart 2002.

volkome oortuig is dat ekonomiese vooruitgang die beste manier is om van armoede ontslae te raak. Hy kan veel meer doen om beperkinge op ekonomiese groei, soos belemmerende arbeidswette en wetgewing oor swart bemagtiging, te verslap.[27] 'n Direkteur van BusinessMap, Reg Rumney, skryf: "This was a people's budget and not a business budget. There was nothing specific in this budget for the business community. It was disappointing that there was no news on investment incentives. The government set aside R3 billion for investment incentives last year but this was not spent. This year there is nothing. But no news is good news."[28] Volgens **Business Day** gaan die vrugte van Manuel se fiskale dissipline gebruik word om verbruik te verhoog. Dit is onwaarskynlik dat die lae inkomsteverdieners die geld sal spaar. Die gebrek aan betekenisvolle maatreëls om spaar aan te moedig, is nog 'n tekortkoming in die begroting.[29]

## Onderwys

Dat die leeueaandeel van die begroting aan onderwys bestee word, word deur ontleders verwelkom, maar hulle meen dat inflasie en ander koste dit tot 'n nietigheid sal laat verkrummel. Console Tleane, 'n navorser by Wits se Onderwysbeleideenheid, sou ook graag wou sien dat daar spesifiek geld beskikbaar gestel word om die agterstand by voorheen benadeelde skole uit te wis. Mxolisi Mlatha, sekeretaris-generaal van die South African Students Congress meen dat die grootste deel van die begroting aan die administrasie en ander koste verbonde aan die beplande samesmelting van universiteite en kolleges bestee sal word, eerder as aan die verskaffing van dienste.[30]

## Korporatiewe belasting en belasting op aftreefondse

Dit skyn of van die grootste teleurstellings in die begroting is dat die korporatiewe belasting van 30% (maar dan moet 'n mens nie vergeet nie dat die koers 48% was toe die ANC die regering oorgeneem het[31]) en die sekondêre belasting van 12,5% op maatskappy nie verlaag is nie en dat belasting op aftreefondse nie afgeskaf of ten minste verminder is nie. Die feit dat die Ontvanger die skroewe teen maatskappy so genadeloos aangedraai het, kan 'n argument ten gunste van die verlaging van die korporatiewe belasting wees.[32] Rudolph Gouws, hoofekonoom van Rand Aksepbank, waarsku dat as Suid-Afrika buitelandse beleggings wil trek, die korporatiewe belasting verlaag sal moet word om in pas te kom met internasionale

---

27 **Rapport**, 24 Februarie 2002.
28 **Star**, 21 Februarie 2002.
29 **Business Day**, 21 Februarie 2002.
30 **Star**, 21 Februarie 2002.
31 **Business Day**, 21 Februarie 2002.
32 **Business Day**, 21 Februarie 2002.

standaarde.[33] **Business Day** meen dat Manuel se verskoning vir die behoud van die korporatiewe belasting se koers op 30%, naamlik dat hy die gaping tussen dié belastingkoers en die topkoers op individuele belasting (40%) wil vernou, baie flou is. Hy probeer waarskynlik hiermee en ook met die verhoogde uitgawes aan welsynstoelae en die groot belastingverligting aan laer en middelinkomstegroepe om die vakbonde se steun vir privatisering te koop. Indien Telkom hierdie jaar op die sekuriteitsbeurs genoteer moet word, is Cosatu se goedkeuring noodsaaklik. Deur die notering sal internasionale beleggers getrek word. Hierdie beleggers sal deur 'n weerstandige vakbondbeweging afgeskrik word.[34] In die Amerikaanse regering se nuwe handelsverslag wat in Washington uitgereik is, word genoem dat Telkom se monopolistiese optrede een van die grootste struikelblokke in die pad van Amerikaanse maatskappye is wat sake in Suid-Afrika wil doen.[35]

Manuel was besonder swygsaam wat die uitbreiding van privatisering betref. Daar is net gemeld dat die regering Telkom graag hierdie jaar sou wou noteer. Die verwagte opbrengs uit privatisering in 2002/03 is R12 miljard wat beteken dat die bedrag aan lenings wat benodig word, tot R12,2 miljard verminder word.[36] Gedeeltelike privatisering kan dalk geskied as 'n gebaar om aan die mark te sein dat die regering daarmee voortgaan.[37]

Die belasting op aftreefondse se beleggingsinkomste is in 1996 teen 'n koers van 17% ingestel. In 1997 is die net verbreed om onder meer dividende van eiendomseenheidstrusts in te sluit. In 1998 is die koers na 25% verhoog, terwyl die regering erken het dat dit 'n dubbele belasting is, aangesien die fonds en die pensioenaris by aftrede belas word. Die gevolg van die belasting is dat spaar ontmoedig word en deursigtigheid ontbreek omdat die belastinguitwerking op die pensionaris uitgestel word tot met sy aftrede, wanneer dit vir hom die minste bekostigbaar sal wees. Die aftredingskonsultatiewe forum het sedert 1997 met die regering beraadslaag oor hierdie belasting en Manuel het beloof dat 'n taakspan die belasting sal ondersoek en 'n beleidsdokument sal saamstel. Intussen sal individue wat gedurende 2002 aftree, dalk nie baat vind by die verlaging van die topkoers van 42% na 40% nie omdat hulle belas word teen die hoogste van hulle gemiddelde belastingkoers in die jaar van aftrede of die voorafgaande jaar.[38] Die Suid-Afrikaanse Besigheidskamer (Sabek) het by monde van die hoof van sy parlementêre belastingkomitee, adv. Abri Meiring van Ou Mutual, die regering dringend versoek om die belasting van 25% op die rente-, huur- en buitelandse dividendinkomste van aftreefondse tot ten

33 **Star**, 21 Februarie 2002.
34 **Business Day**, 21 Februarie 2002.
35 **Volksblad**, 16 April 2002.
36 **Star**, 21 Februarie 2002.
37 **Rapport**, 17 Februarie 2002.
38 Nazrien Kader, vennoot by Deloitte en Touche, **Daily News**, 20 Februarie 2002.

minste 18% te verlaag. Barbara Hogan, voorsitter van die parlementêre portefeuljekomitee, het sy kommer oor die invloed van die belasting, veral op mindergegoedes, gedeel. In 'n voorlegging aan die parlementêre komitee oor finansies het Meiring gesê dat die belasting kan veroorsaak dat 'n individu oor 30 jaar sowat 'n derde van sy pensioenuitkering kan verloor.[39] Hy beskuldig die SAID van teistering van die sakesektor.[40]

## Aksynsbelasting

Skokgolwe het deur die drankbedryf gespoel oor die verhoging van 10% in die aksyns op brandewyn en vonkelwyn. Dit is die tweede opeenvolgende jaar dat die persentasie 10% is. Riaan Kruger, uitvoerende direkteur van die KWSI, sê dat brandewyn 'n belangrike deel van die drankbedryf vorm en vir baie werksgeleenthede sorg. Die argument dat hoër pryse drankmisbruik teenwerk, word deur navorsing weerspreek. Kenners sê dat mense nie minder drink nie, maar slegs oorskakel na goedkoper en gevaarlike tuisgebroude dranke wat ernstige skade kan aanrig. Francois van der Merwe, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Tabakinstituut, beweer ook dat elke prysverhoging rokers na goedkoper onwettige produkte dryf. As gevolg van smokkelhandel verloor die staat die bron van inkomste en word sy belastinggrondslag uitgekalwe. Tabakboere en hulle werkers lei ook daaronder. Soos pryse verhoog word, krimp die mark en kom die lewensvatbaarheid van die bedryf in gedrang. Dit kan tot werkverliese lei.[41]

Ten spyte van die 10% verhoging in aksynsbelasting in 2001/2002 het die KWV-groep se wins gedurende die laaste ses maande van 2001 met 41,7% toegeneem, onder meer te danke aan die swak rand wat uitvoere bevoordeel, en het die kleinhandel-afset van brandewyn 'n oplewing getoon, aldus dr. Willem Barnard, besturende direkteur van die groep.[42] Wynverkope het ook met ongeveer 20% die afgelope jaar gestyg.[43]

## Justisie

Martin Schönteich, senior navorser by die Instituut vir Sekuriteitstudies (ISS), verwelkom die groot hap uit die begroting wat aan die justisiestelsel gaan. Die werwing van 'n ekstra 16 000 polisiebeamptes sal baie help, veral aangesien die nuwe beleid van sektorpolisiëring baie persone op patrollie gaan beteken. Ongelukkig bedank ongeveer 5 000 polisielede per jaar uit die diens en die winste aan nuwe

39 **Volksblad**, 1 Maart 2002.
40 **Business Day**, 21 Februarie 2002.
41 **Rapport**, 24 Februarie 2002.
42 **Volksblad**, 23 Maart 2002.
43 **Radio Sonder Grense: Ekonomiese nuus**, 19 April 2002.

rekrute sal teen 2005 geneutraliseer wees. Hy erken dat die toestand sonder die werwing van nuwe lede erger sou wees.[44]

Hoe doeltreffender die polisie en Departement van Justisie funksioneer, hoe meer gevangenes is daar in die tronke. Daar is ongeveer vyf gevangenes vir elke tronkamptenaar teenoor 'n verhouding van 2:1 in Brittanje, volgens Makubetse Sekhonyane, ook 'n senior navorser by ISS. Sulke druk op tronkpersoneel ondermyn rehabilitasie. Die rehabilitasiebegroting het egter weinig gestyg - slegs van R349 miljoen in 2001 tot R353 miljoen hierdie jaar. In die belastingoorsig word gemeld dat die inwerkingstelling van twee nuwe private tronke naby Bloemfontein en Louis Trichardt, wat nou blyk duurder te wees as die departement se tronke, groter druk op die korrektiewe dienste se begroting plaas. Daar word verwag dat uitgawes van hierdie tronke van R143 miljoen in 2001 tot R538 miljoen in 2005 sal styg - 'n baie groot uitleg vir minder as 9 000 ekstra beddens.[45]

**Verdediging**

Manuel kom onder skoot oor die groot verhoging in die verdedigingsbegroting. Die R18,4 miljard is 15% meer as wat in 2001 begroot is. Nietemin sê Manuel dat dit slegs 1,7% van die Bruto Binnelandse Produk (BBP) is, terwyl die persentasie 'n dekade gelede 3,7% was. Terry Crawford-Browne, van die Economists Allied for Arms Reduction wat die wapenooreenkoms heftig teenstaan, glo dat die koste reeds tot R115 miljard gestyg het. Hy sê dat Manuel betoog dat die ineenstorting van die rand verhoogde besteding tot gevolg het, maar hulle het hom in Augustus 1999 gewaarsku dat daar 'n enorme gevaar was dat die wisselkoers die bedrag die hoogte kan laat inskiet. Volgens hom kan die bedrag wat vir die aankoop van drie duikbote benodig word, 410 000 huise bou of 290 000 werksgeleenthede skep. Die uurlikse brandstofkoste van ongeveer R28 750 van 'n Gripen-vegvliegtuig kan een huis in 'n swart woonbuurt bou. Hy wil ook weet watter bydrae duikbote en Gripen-vegvliegtuie tot vredesoperasies kan maak. Helmoed-Römer Heitman, die Suid-Afrikaanse korrespondent van **Jane's Defence Weekly**, tree vir die minister in die bres. Hy sê dat dit dringend nodig is dat die verdedigingsmag nuut toegerus word en daar sal ook toenemend versoeke kom vir vredesoptredes.[46]

---

[44] **Financial Mail**, 22 Februarie 2002.
[45] **Financial Mail**, 22 Februarie 2002.
[46] **Star**, 21 Februarie 2002.

## SLOT

Die slotsom waartoe kommentators oor die algemeen kom, is dat die begroting polities in die kol is vanweë armoedeverligting en deur individue wat belastingverligting kry, verwelkom word, maar dat die sakegemeenskap rede het om teleurgesteld te voel.

Hulle meen nie dat groei genoegsaam oor die langtermyn gestimuleer gaan word nie, veral omdat maatskappy- en ander belasting nog te hoog is, privatisering min aandag kry en valutabeheer nie geheel en al afgeskaf word nie.

Die vraag is of die groot somme geld wat toegeken is, op die regte plekke sal beland en tot beter dienslewering sal lei. Tim Woods, die voorsitter van die Amerikaanse Kamer van Koophandel in Suid-Afrika, sê tereg: "The focus now moves to delivery mechanisms and whether this excellent budget can be translated at engine room levels into action during the coming financial period."[47] Dit het nie in die verlede gebeur nie. Miljarde rande wat aan provinsies toegeken is of wat vir opleiding begroot is, is nie benut nie.

---

[47] **Business Day,** 21 Februarie 2002.